30 Oktober 2022

PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

1972 - 2022

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Baie welkom aan ds Francois Maritz wat vandag preek en deelneem aan Hoogland se onderskeidende proses.

Die proses om 'n tweede leraar na Hoogland te beroep, is 'n proses van gebed en Geestelike onderskeiding. Van hier af is die verloop van die proses om twee persone te nooi vir 'n preekbeurt en onderhoud-gesprek om saam met hulle verder onderskeidend op te tree.

Die hele Hoogland-familie is saam in hierdie proses, en vra daarom u voorbidding. Vul gerus ook die blaadjie op die banke in om ook jou mening as deel van die onderskeidende proses te gee (daar is ook 'n aanlyn-weergawe).

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens : Ds Francois Maritz

Lofkabouters tydens die erediens

10:00 Geloofsvormingsgroepe in onderskeie lokale

Deurkollekte : Sin. Sending

Program vir die week

Dinsdag: 1 November
14:00 Vroue Bybelstudie

Woensdag: 2 November
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 3 November
09:00 Dankie Sê - Oggend

Vrydag: 4 November
05:30 Mannebediening in die GROT

Let asseblief daarop :
Die volgende Kerkraadsvergadering vind Maandag, 7 November 2022 om 19:00 plaas en nie Donderdag, 24 November 2022 soos in die jaarprogram aangedui nie.

" SAVE THIS DATE "

Hoogland Kerssangdienste

Sondag, 20 November
09:00 & 18:30
Bring gerus u vriende & familie saam!

50 Jaar Feesbundels

Daar is slegs 'n paar van die 50 Jaar Feesbundels in die kantoor beskikbaar @ R50 per bundel.

Kontak gerus vir Annalize in die Kerkkantoor as jy belangstel in 'n Feesbundel met Hoogland se storielyn.

Baie seën aan al die Matrikulante wat die komende week begin met hulle heel laaste skooleksamen! Hoogland bid getrou saam!!!

079 815 9325 | facebook.com/pehoogland | #hooglandpe | PE Hoogland

Snap here to pay SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

MTR Smit

MTR Smit hou hulle jaarlikse kerspartytjie op 19 November. Madelaine en Huis 5, nooi graag nog Hoogland gesinne om saam met hulle te kom kuier!

Gesels gerus met Madelaine vir meer inligting as julle saam wil gaan kerspartytjie hou. Vir spyseniers - getalle moet jy asseblief voor 15 November RSVP by Madelaine - 078 541 3483

Noodspens

Hoogland se hart & Noodspens loop oor! Baie dankie aan die weldoeners vir die ruim skenkings vir die Noodspens! Weet asseblief elke bietjie maak 'n groot verskil aan 'n persoon/gesin wat swaarkry.

Hoogland kom bid hierdie week saam vir reën ... Die boere kry swaar, die damme is leeg en die vakansie met al sy besoekers is om die draai ...

Dankie!

ONTHOU asseblief om voor Dinsdag, 1 November by Annalize te RSVP vir Donderdag se *Bedieninge Dankie-Sê oggend!*

Hoogland waardeer jou en wil dit graag vir jou sê!

Uit die Hart...

Die laaste Sondag in Oktober word Hervormingsondag genoem. Dit is 'n herinnering aan die Reformasie wat momentum begin kry nadat Martin Luther 95 stellinge aan die deur van die Klokkerk in Wittenburg vas geslaan het, op 31 Oktober 1517.

In 1516 het Luther die evangelie opgesom deur 'n roos te ontwerp wat as 'n tipe van seël gedien het. Dit is die beeld hieronder. Hy skryf aan 'n vriend van hom in 1530 om die simboliek daarvan te verduidelik:

- Die swart kruis in die middel herinner aan die gekruisigde Jesus wat ons pyn op Hom neem. Dit herinner verder dat dit geloof in die gekruisigde Jesus is wat ons red. (Rom. 1:17)
- Die rooi hart: die kruis is op die rooi hart wat aansluit by Rom. 10:9-10 dat almal wat in hul hart glo, gered word.
- Die wit roos: dit simboliseer die vreugde, troos en vrede wat geloof bring (Joh. 14:27). Die roos is wit omdat dit die kleur van engele is (Matt. 28:3, Joh. 20:12)
- Die ligblou agtergrond herinner aan die ewige lewe (hemel) en die toekomstige hoop en gelyk wat ons nou reeds ervaar.
- Die goue ring om die blou simboliseer dat seëninge uit die hemel meer werd is as goud.

Ds Pieter